



LAKOBOKKNUUS

VERANTWOORDELIKEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

UIT DIE KANTOOR

"Almost everything will work again if you unplug it for a few minutes, including you." Anoniem
Toe ek vanoggend hierdie aanhaling sien, moes ek lag. By die De Bruyns se huis trek ons gereeld, as die krag weer aangaan, of die WiFi of DSTV se draad weer uit en druk weer in net dat als weer loop.

Mense, ons is presies dieselfde. Ons het die tyd nodig om net ons en ons gesinne te "unplug" van ons besige lewe en mekaar net weer te vind. Vir dit is daar niks beter as 'n wintervakansie nie. Moet nie dié geleentheid by julle laat verby gaan nie. Dit was 'n ongelooflike kwartaal. Ons kinders het op soveel gebiede gegroei en ontwikkel en dit was vir ons as personeel bitter lekker om saam met hulle én julle as ouers die ervarings te deel.

Dankie aan julle wat gehelp het en hard geondersteun het langs die veld of baan, in die snoepie en met soveel ander fondsinsamelings. Dankie ook aan die personeel vir julle toegewydheid in die klas, by sport en orals anders waar julle onbaatsugtig julle beste gee tot voordeel van ons kinders.

Met bogenoemde in gedagte, is dit geen geheim dat ons juffrouens De Laura en Rolien groet by ons skool ná 20 jaar se massiewe bydrae tot die Bokveld se kinders. Julle is ysters in die onderwys en ons gaan julle baie mis.

Personeel, ouers en kinders, gaan geniet hierdie wonderlike wintervakansies saam met die mense wat julle harte warm maak. Kom veilig terug na waar julle deel is en geliefdis.

Ons Here is vir ons baie goed!

Pieter de Bruyn



KARAKTERBOU

Ons fokus hierdie jaar op verantwoordelikheid.

Bokkies is verantwoordelik om hul eie klasse skoon te hou. Baie geluk aan die Graad 6'e wat die afgelope twee weke gewys het dat hulle maar mág skoonmaak.

Ons is ook verantwoordelik om maats te help wat minder as ons het. Ouers wat graag wil help met die skryfbehoeftes-projek, kan potlode, liniale en ander skryfbehoeftes na juffrou Sumi stuur. Hierdie skryfbehoeftes sal aan 'n buurskool geskenk word.



KARAKTERKAMPIOENE

Hiermee die laaste Karakterkampioene vir Kwartaal 2! Baie geluk aan die volgende leenders. Graad 1: Achantè-Lee Hanse vir 'n gewillige en pligsgetroue leender.

Graad 2: Almari Destroo vir 'n gehoorsame en vriendelike leender.

Graad 3: Abrenico Titus omdat hy 'n aanwins vir ons skool is.

Graad 4: Priya Julies vir 'n vriendelike dogter.

Graad 5: Taylin Maswana vir 'n pligsgetroue dogter.

Graad 6: Cara van den Heever vir hardwerkendheid.

Graad 7: Zoey Carolus vir pligsgetrouheid en altyd vriendelik.

Ons is trots op julle!

ALGEMENE KENNIS

Baie geluk aan die volgende leenders. Hulle het baie goed gevaar in hierdie kwartaal se algemene kennis toets.

Graad 7

1. Zoey Carolus

Graad 6

1. Melia Burger en Sebastian van Zyl

2. Niël de Wet, Frans le Roux, Alida Very en

Helené du Toit

Graad 5

1. Gabriella du Toit

2. Jash Loff en Azya de Klerk

3. Luah du Toit, Taylin Maswana, Keanan Erasmus en MW Pretorius

Graad 4

1. Aiden Hufke

2. Zack le Roux

3. Mieke Smit en Priya Julies



EISTEDDFOD

Op 22 Junie 2026 het ons leenders aan Paarl Vallei Virtuele Eisteddfod deelgeneem. Ons is trots op elkeen se goeie voorbereiding en deursettingsvermoë.

Uitslae van die voordrag sal teen September by die skool wees.

Almal wat graag kuns vir die Eisteddfod wil inskryf, kan dit volgende kwartaal by juffrou Ilanie doen.



Konsert 2026




Ons is baie opgewonde oor hierdie produksie. Hierdie jaar neem Pre-graad R tot 7 weer aan die konsert deel.

Alle leenders moet asseblief 'n fooi van R200 betaal om aan die konsert deel te neem.

Hierdie fooi dek 'n deel van die beligting, grimering, kostuums en dekor.

Betalings moet asseblief voor die 26ste Junie 2026 per eft in die skool se rekening gedoen word. Gebruik u kind se naam + konsert as verwysing.

PRETDAG



Bokkies is beloon met 'n heerlike prettdag aan die einde van die kwartaal. Hulle verdien dit beslis, want almal het baie hard gewerk hierdie assesseringstyd! Leenders kon met hul nagklere skool toe kom en 'n flik, springmielies en warm sjokolade geniet! Ideaal in die Winter.


Ons maak einde volgende kwartaal weer so! Baie dankie aan juffrou Suretha en juffrou Erize vir hulle moeite hiermee.

STILBAAI TOER

31 JULIE - 1 AUGUSTUS

Ek wil net elke ouer herinner aan die toer wat plaasvind.

--Juffrou Lize--



Sportdatums

- 25 Julie - Ashton Pikkie spotdag (slegs grondslagfase)
- 1 Augustus - Bertie Bernard
- 20 Augustus - De Villiers Graaff (weg)
- 25 Augustus - Laerskool Wynland (weg)
- 27 en 28 Augustus - FCF (o.12)

BIBLIOTEK

HULP NODIG

PROJEK: BIBLIOTEK

Die boeke in die biblioteek benodig aandag. Baie boeke moet met nuwe plastiek oorgetrek word. Beskadigde boeke moet heelgemaak word. Ek benodig asseblief dringend mammas wat kan help.

Kontak vir Juf Sonja indien jy kan help

FONDSINSAMELING

Die personeel wil graag elke ouer bedank vir hulle betrokkenheid met ons projek. Ons het weereens bewys dat ons as 'n skoolfamilie kan saamwerk. Leerders wat die meeste lootjies verkoop het, is bederf met 'n uitstappie.

Baie dankie aan ons borge.



Transkribeerders

'n Groot dankie aan almal wat gehelp het om te lees en skryf, asook om toesig te hou gedurende die eksamen.



Ilani, Cecile, Karen, Natalie, Hanle, Frieda, Stacey, Riana en Kayla.


GRONDSLAGFASE UITSTAPPIE

All Graad 1 tot Graad 3 leerders gaan volgende kwartaal op 18

Augustus weer op hul jaarlikse uitstappie na die Kunstekaap.

Vanjaar gaan ons **Vlooi en die Verlore Fossiel** kyk. Dit is altyd 'n hoogtepunt op ons Grondslagfase se kalender.

Die inligting rakende die onkoste en reisreëlings volg vroeg in volgende kwartaal.



TENNIS

Op 18 Junie 2026 het Worcester Primêr teen ons grondslagfase tennisspelers kom speel.

Dit was 'n heerlike sonskyn middag en nuwe vaardighede is aangeleen.



TENNIS

Baie geluk aan ons tennis spelers se mooi uitslae!

o.13 A 2de Wikus platinum

6de Ben platinum

o.12 A 5de Cassie platinum

4de Zané platinum

3de Alida goud

2de Du Toit goud

o.11 A 4de Luah platinum

5de Katryn platinum

7de Marissa platinum

8ste Gabriella platinum

o.9 A 2de Lindie platinum



Worcester Wilson toernooi - 20 Junie 2026





Tot siens



Juffrou De Laura verlaat ons aan die einde van die kwartaal. Sy het besluit om af te tree. Ons gaan haar passie vir die jong kind baie mis, maar gun hierdie kans vir haar!



Juffrou Rolien het bedank en verlaat ons ook aan die einde van die kwartaal. Hulle gesin gaan nou in Ceres vestig en sy het 'n pos by HS Charlie Hofmeyr aanvaar. Ons beste wense vergesel haar en weet sy sal daar ook suksesvol wees!



Sport

Ons wens Zenith Julies baie sterkte toe waar sy aan die Kaapse Wynland Interdistrik-netbaltoernooi van 15 tot 18 Julie in Bredasdorp gaan deelneem. Ons is trots op jou en glo jy gaan uitstekend vaar!



Ons wens Gabriella du Toit baie sterkte toe waar sy aan die Wes-Kaap Gimnastiek op 28 Junie in Saldanha gaan deelneem. Ons is trots op jou en glo jy gaan uitstekend vaar!



AKADEMIE

BAIE GELUK AAN ONS TOP 3 LEERDERS IN ELKE GRAAD - ONS IS ONGELOOFLIK TROTS OP JULLE HARDE WERK EN TOEWYDING! 🎉👏

GRAAD 4

- 🥇 ZACK LE ROUX - 87.7%
- 🥈 AIDEN HUFKE - 85.8%
- 🥉 MIEKE SMIT - 84.3%

GRAAD 5

- 🥇 GABRIELLA DU TOIT - 90.7%
- 🥈 MARTHINUS WESSEL PRETORIUS - 88.8%
- 🥉 CHRISTOPHER DU TOIT - 84.8%

GRAAD 6

- 🥇 CASPERUS AUCAMP DU TOIT - 91.2%
- 🥈 SEBASTIAN PAUL VAN ZYL - 89.5%
- 🥉 PIETER DANIEL DE WET - 88.2%

GRAAD 7

- 🥇 WIKUS BOTHMA - 90.1%
- 🥈 JEAN FREDERIK DREYER - 89.3%
- 🥉 MIA GAGIANO - 89.2%


	Zack le Roux Graad 4 87.7%	T O P 3 Tweede Kwartaal 2026		Gabriella du Toit Graad 5 90.7%	T O P 3 Tweede Kwartaal 2026
	Aiden Hufke Graad 4 85.8%			MW Pretorius Graad 5 88.8%	
	Mieke Smit Graad 4 84.3%			Christopher du Toit Graad 5 84.8%	
	Cassie du Toit Graad 6 91.2%	T O P 3 Tweede Kwartaal 2026		Wikus Bothma Graad 7 90.1%	T O P 3 Tweede Kwartaal 2026
	Sebastian van Zyl Graad 6 89.5%			Jean Dreyer Graad 7 89.3%	
	Niël de Wet Graad 6 88.2%			Mia Gagiano Graad 7 89.2%	

WOEMA

Baie geluk aan Zhenia Prins en Mieke Smit wat elkeen 'n sertifikaat vir goeie akademiese vordering ontvang hierdie kwartaal.

Elkeen van hierdie dogters het hul punte met 5% of meer verbeter van verlede kwartaal tot nou. Ons is baie trots op hulle.

ONS EERSTE TENNISSPAN



TOER NA SUN CITY



Ons eerste tennisspan neem vanaf 18 tot 24 Julie 2026 deel aan die 'Egalite Promotions' tennistoernooi in Sun City. Altesaam 32 spanne van regoor Suid-Afrika neem deel. Ons sal ook die "Valley of the Waves" goed benut en gaan "high-tea" in die Paleis.

Al die spelers se mamas gaan saam en ook sommige pa's. Ons ouers het hard gewerk om hierdie geleentheid moontlik te maak en elke speler het ook self gewerk vir hul eie sakgeld. Ons weet hierdie gaan 'n ongelooflike ervaring wees en dat julle ons skool met trots sal verteenwoordig. Hulle is goed voorbereid en oefen elke week 2 tot 3 keer. Julle verdien hierdie! Julle maak ons trots!

GENIET DIT!

'n Spesiale woord van dank aan juffrou Hanle Lourens vir al haar moeite, liefde en inisiatief met hierdie toernooi. Die liefde wat jy in die kinders vir hierdie sport kweek, is van onskatbare waarde. ❤️



If you can dream it you can do it.

Dankie aan ons borge wat in ons glo.

Baie dankie aan elke borg wat 'n bydrae gemaak het sodat ons tennisspan gratis aan die toernooi kan deelneem. Julle maak 'n verskil en ons waardeer julle.



Gun City 2026
Laerskool Koue Bokkeveld



ZONNEHAVEN
CULTIVATING PERFECTION



AGRICO
More than 100 years of service



SITRUS KONSULT
(PTY) LTD

protektum



graaff fruit
TASTE THE FUTURE



Kubota



Baie dankie aan ons borge.